

Skriflesing: Numeri 14:1-16Teks: **Numeri 14:10-12****VOORAF SANG – Ps. 33:1, 2****TYDENS EREDIENS - Ps.31:1,5; Ps.25:2,7; Ps.86:6, 8; Ps,36:2,3****Numeri 14:1-16****Num 14:1** Daardie nag het die hele volksvergadering aanhoudend gekla.**Num 14:2** Al die Israeliete was in verset teen Moses en Aäron, en die hele vergadering het vir hulle gesê: "As ons maar in Egipte of in hierdie woestyn gesterf het!"**Num 14:3** Waarom het die Here ons na hierdie land toe gebring? Net om doodgemaak te word? Ons vrouens en kinders sal krygsgevangenes word. Is dit nie vir ons beter om na Egipte toe terug te gaan nie?"**Num 14:4** Hulle het toe vir mekaar gesê: "Kom ons kies 'n leier en gaan terug Egipte toe!"**Num 14:5** Moses en Aäron het toe voor die hele vergadering van Israeliete wat daar saam was, op hulle knieë geval.**Num 14:6** Ook het Josua seun van Nun, en Kaleb seun van Jefunne, manne wat saam die land verken het, hulle klere geskeur,**Num 14:7** en vir die hele vergadering Israeliete gesê: "Die land wat ons gaan verken het, is 'n buitengewoon goeie land.**Num 14:8** As die Here ons goedgesind is, sal Hy ons na hierdie land toe bring en dit aan ons gee, 'n land wat oorloop van melk en heuning.**Num 14:9** Julle moet net nie teen die Here in opstand kom nie. Moet ook nie vir die mense van die land bang wees nie, want ons sal hulle maklik verslaan. Hulle gode sal hulle nie kan beskerm nie. Die Here is by ons. Moenie vir hulle bang wees nie!"**Num 14:10** Maar die hele vergadering het gedreig om vir Josua en Kaleb met klippe dood te gooi. Toe het die magtige teenwoordigheid van die Here by die tent van ontmoeting vir al die Israeliete sigbaar geword.**Num 14:11** Die Here het vir Moses gesê: "Hoe lank sal hierdie volk my almag bly onderskat? Hoe lank sal hulle weier om op My te vertrou ten spyte van al die wonders wat Ek onder hulle gedoen het?"**Num 14:12** Ek gaan hulle tref met die pes en hulle uitroei, en dan sal Ek jou 'n volk maak, groter en sterker as hulle!"**Num 14:13** Maar Moses het vir die Here gesê: "Die Egiptenaars sal dit hoor en dit vir die inwoners van hierdie land vertel. Dit is tog U wat hierdie volk deur u mag uit Egipte laat wegtrek het, en die inwoners van hierdie land het reeds gehoor dat U, Here, onder hierdie volk is, dat U duidelik waarneembaar verskyn het, dat u volk oor hulle is, en dat U bedags in 'n wolkkolom en snags in 'n vuurkolom voor hulle uit gaan.**Num 14:15** As U hierdie volk soos een man om die lewe bring, sal die nasies wat van u dade gehoor het, sê:**Num 14:16** 'Die Here was nie in staat om hierdie volk in te bring in die land wat Hy met 'n eed aan hulle beloof het nie, daarom het Hy hulle in die woestyn omgebring.'**Skriflesing:** Numeri 14:1-16Teks: **Numeri 14:10-12****VOORAF SANG – Ps. 33:1, 2****TYDENS EREDIENS - Ps.31:1,5; Ps.25:2,7; Ps.86:6,8 ; Ps,36:2,3**

Daar gebeur baie dinge in ons lewe wat ons in 'n doodloopstraat laat voel, broeder en suster.

Baie onsekerheid en vrese en hier aan die einde van die jaar is daar by baie soveel

bekommernis oor die toekoms. Wat gaan van my word, wat gaan van ons gesin word, wat

gaan van hierdie gemeente word. Redelik onlangse navorsing waar koerante die berig vêrder

gevat het toon juis dat Afrikaners op hierdie stadium in hierdie land die minste sekerheid oor

hulle toekoms het. Die behandeling van ons taal en ons kultuur en die administrasie van die

land en die munisipale dienste, ons veiligheid, so lui die berig dat die Afrikaner tussen alle

ander gemeenskappe in die land die meeste onsekerheid en bekommernis oor die toekoms

het.

Waar staan ons vanoggend? Laat ons dit dadelik sommer van die begin af duidelik maak, want dit bewys die Here se Woord ook duidelik aan ons- Die Here laat niks gebeur sonder om nie ook sy betroubaarheid, sy sorg en sy liefde te bevestig nie. Aan hierdie gedagte moet ons vasgryp, anders as die dominee wat die kerkgeskiedenis ons van vertel wat daar in Denemarke was.

Die Deense teoloog Kierkegaard vertel die verhaal van die dominee wat van een dorp na 'n ander een moes reis. Hy was haastig en toe besluit hy om nie padlangs te gaan nie, maar om 'n kortpad te volg. Hy beland toe voor 'n groot berg en daar besluit hy dat hy voor die berg net daar sal gaan sit en wag tot die berg uit sy pad beweeg. Nodeloos om te sê, hy het dit nie gemaak nie, want berge gee nie voor mense pad nie. Jy as mens het die verantwoordelikheid om paaie oor berge of rondom berge te vind en as ek dit nie vind nie, dan sal jy maar oor die berge van die wêreld self 'n pad moet uitkap, maar om te dink dat ek deel van die kerk of gemeenskap moet word wat gewag het dat die berg moet beweeg is nie wat God van ons verwag nie.

Daardie teoloog in Denemarke is lank na sy dood onthou, verkeerdelik onthou. Niemand het sy preke onthou nie, want wat op die einde sy lewe oorskadu het, is dat hy die man was wat vir die berg gewag het om te moes beweeg. Dit klink miskien dalk vir ons half belaglik wat hy gedoen het, maar wie mooi dink oor sy/haar lewe, moet dalk nie te gou begin lag nie. Ons en dit wat ons kerk-wees betref, ons elke dag se lewe kom werklik voor baie soorte en hoogtes van "berge" te staan. Die swak ekonomiese klimaat en Eskom wat dag na dag voorsteier kan skielik berge van ongeloof voor jou laat oprys. Ons voel onseker oor baie dinge en as gelowige kind van die Here moet ek vandag besef, dat ek iets met die berg sal moet maak. Niemand kan bekostig om daar te gaan sit en te dink die berg sal voor my wegbeweeg nie. EK moet beweeg...maak nie saak wat die berg ook al is nie.

Israel in die woestyn is die deel wat ons altyd moet onthou. Daar was beslis baie swaar dae daar en hoe moeilik vir hulle om eenvoudig net op God te vertrou. Ons het vanoggend gelees hoe hulle vir Moses en Aaron baie verkwalik, wil hulle leiers sommer om die lewe bring. Hulle oorweeg dit baie sterk om na Egipte terug te keer. Die oorgrote meerderheid slaan nie ag op watter wonderlike uitkomst daar al was nie. Ons loop net 'n entjie die pad terug, kyk

maar vanaf Eksodus 15 tot hoofstuk 19. Elke hoofstuk is eintlik 'n bevestiging van die Here se sorg, sy liefde, sy betroubaarheid, sy almag, sy getrouheid.

In Eksodus 15:23,26 kom hulle by Mara, baie dors en as hulle daardie water wil drink is dit galbitter. Dit is hoekom hulle dit ook Mara noem, bitter water...maar daar maak die Here die water soet. Die Here leer hulle om aan Hom gehoorsaam te wees, maar stap ons net na die volgende hoofstuk- Eksodus 16:4: die Here gee meer as water, Hy gee ook kos. By Elim voorsien die Here manna uit die hemel. In Eksodus 17 slaan die woestyn weer om in waterdood- die kosbaarste wat daar seker in die woestyn kan wees is water. Hier laat God water uit 'n rots vloei, so asof dit 'n kraan is wat daar oopgedraai kan word. Alles behalwe was dit 'n kraan, maar dit is God wat bewys dat Hy daar teenwoordig is. Hulle wat juis in sy teenwoordigheid getwyfel het, God leer hulle om ten alle tye aan Hom gehoorsaam te wees en op Hom te vertrou.

Vêrder lees ons Eksodus 17 nog nie die einde van die Here se genade en nabyheid nie. In die oorlog teen die Amalekiete gebeur die wonder dat Moses sy hande oor hulle moet regop hou en solank sy arms so in die lug is, dan wen hulle die oorlog. Die oomblik as hy moeg is en daardie arms sak, dan sak hulle ook in die oorlog terug, dan verloor hulle. Wat sê dit vir ons? In daardie hande van Moses is dit die Here wat die bewys gee dat Hy wat God is sy hand oor hulle hou.

In Eksodus 19 kom die Wetgewing. Die Wet waarmee God te kenne gee Hy dit Self met die vinger van sy hand geskryf het. Die hand oor ons, is die hand met ons wat die Wet vir ons gee. Die wetgewing is alles behalwe 'n stil en kalm dag. Toe die Wet by die berg van Sinai vir die eerste maal afgekondig word, toe dreun dit, die grond bewe, die klank van harde donder en vuur slaan op die berg uit. Niemand wat daar naby mag kom nie. Eksodus 19:6 net voor ons die Wet kan lees, staan dit baie duidelik, ons moet vir die Here 'n koninkryk van priesters, 'n heilige volk wees. En daardie geweldige dreuning en vuur en die grond wat skud, dit beteken maar net een ding dat vir God moet daar ontsag wees. Eksodus 15-19 is maar 'n deeltjie van 'n baie groot venster waardeur Israel in die woestyn na God kon kyk. God is healtyd met hulle op pad.

So baie wat ons vandag nog van die HERE kan sê, was vir Israel in die woestyn die bewyse gegee. As ons vandag kan sê- God voorsien- Israel het dit in die woestyn beleef. Hulle wat

sterk moes wees, vasberade, wat nie moes skrik en bang wees nie- Die Here wat hulle belowe het dat Hy voor hulle uitgaan, dat Hy by hulle is. Hulle kan onder die Here se vlerke skuil, op God kan hulle vertrou. Hy vat ons aan die hand. Ek mensekind wie se lewe eintlik op aarde maar net soos die gras is, soos die van 'n veldblom wat oopgaan en tog die wat op die Here wag kry nuwe krag. Die Here dra 'n mens, Hy hou jou vas, Hy sê vir ons – Ek sal jou nie vergeet nie. Of ons dan lewe en of ons sterwe, in Hom kan ons bly wees. Hy wat alles ten goede laat meewerk. Die swaarkry op aarde is maar gering en gaan verby, want dit loop uit op 'n álles oortreffende heerlijkheid.

Saamgevat is hierdie alles groot dinge, geweldig dit wat die Here doen. Wonderlik, Ps.23:4 moet ons laat beseef hoe almagtig, hoe getrou, hoe betroubaar die Here is- ons lees die ouer vertaling- *Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my: u stok en u staf die vertroos my...*

Om hierdie dinge te weet, dit was ook Israel se deel. En tog wil hulle God se leiers doodmaak. Hulle minag dit wat God vir hulle gedoen het. Hulle moraliteit, hulle hele lewens ingesteldheid is eenvoudig skokkend. Dit wat in jou en my lewe ook so belangrik moet wees. Vat nou maar Moses en Aäron en dit wat die volk met hulle wil doen. Hulle wil hulle stenig- dit gaan om wat mense met God se leiding, maar ook God se leiers wil doen- dreig hulle met die dood en hoe baie keer het dit nie net by woorde gebly nie...baie is gedood!

Moses in besonder was die leier wat God die grootste deel van die woestynpad aan hulle geskenk het. 'n Geskenk wat op so baie wyses al moes begin heenwys na die grootste Leier wat daar ooit nog was, nl. ons Here Jesus Christus. Geen groter Leier kan daar wees as Christus Self nie – en weet u wat was die kern van wat Christus se leierskap betref- Hy gee dit self in Lukas 22:27- *Maar Ek is in julle kring soos die een wat dien....* Daar begin dit, daar eindig dit, by die dien van die Here en by die dien van mekaar. Wie nie bereid is om 'n bediende te wees nie, want dit is wat ons moet wees, dienaars, bedienaars, bediendes van God, alles moet vir ons één woord wees...*soos die een wat dien-*

Die kwaliteit van leierskap staan of val by hulle wat bereid is om dienaars, diensknegte van God te wees. So 'n leier het geen gesag in homself of in haarself nie, maar wanneer jy aan die waarheid vashou, jy verkondig God se waarheid en jy leef God se liefde, dan sal waarheid en liefde altyd die kwaliteit van jou leierskap bepaal. Waarheid en liefde moet ook altyd

saam bedien word. Ons weet en ons moet dit altyd beseef waarheid sonder liefde is brutaal, is wreed waarheid mag nie sonder liefde wees nie, maar net so min mag liefde sonder die waarheid staan. Want liefde sonder waarheid is weer sentimenteel, dit is stroperig. Waar liefde alleen staan en dit word nie met die waarheid gebind nie, daar word die lewe 'n stroperige, 'n taai gemors! Dit was in baie opsigte die doodloopstraat vir Israel, as hulle nie waarheid en liefde gelyk kon ontvang en daarop met liefde en waarheid kon antwoord nie.

Die eerste Johannes-brief bring dit alles weer mooi saam. Vat hoofstuk 3 se einde, maar ook die einde van hoofstuk 4. 1 Johannes 3:23-24- Dit gaan heeltyd om waarheid en liefde tesame- Eers die waarheid, dan die liefde- en dan weer eerste die liefde en dan die waarheid. 1 Johannes 3- 23 *En dít is sy gebod: Ons moet in sy Seun, Jesus Christus, glo en ons moet mekaar liefhê ooreenkomstig die gebod wat Hy ons gegee het. 24 Wie sy gebooie gehoorsaam, bly in God en God in hom. Hiéraan weet ons dat Hy in ons bly: Hy het ons sy Gees gegee.* En dan 1 Johannes 4 se einde- begin by liefde om by die waarheid te kom - vers 20- *As iemand sê: “Ek het God lief,” en hy haat sy broer, is hy 'n leuenaar; want wie sy broer, wat hy kan sien, nie liefhet nie, kan onmoontlik vir God liefhê, wat hy nie kan sien nie. 21 En hierdie gebod het ons van Hom gekry: Wie vir God liefhet, moet ook sy broer liefhê.*

Uit hierdie liefde en uit hierdie waarheid gee die Here ontwikkelingsgeleenthede wat alles afhang van jou ontwikkelings ingesteldheid. Om nie foute met foute reg te maak nie, maar om te doen soos Langenhoven ook gesê het- “dit gaan nie om die een wat die minste foute maak nie, maar veel eerder soek hy 'n leier wat die meeste foute kan regmaak”. So iemand ken die verskil tussen om 'n leier of 'n bestuurder te wees. 'n Bestuurder streef altyd daarna om die dinge reg te doen, terwyl vir 'n leier gaan dit veel eerder nie om die dinge reg te doen nie, maar om die regte dinge te doen. Selfs in krisis-tye soos wat in Numeri 14 daar 'n groot krisis op hande was.

Josua en Kaleb is die enigste twee wat in hierdie tyd nie aan die sprinkaankompleks gely het nie. Die res van die verkenners- al tien van hulle – nadat hulle uit die beloofde land terugkeer om te moet rapporteer of hulle maar kan intrek is dit ene minderwaardigheid wat die oorhand neem. Net Josua en Kaleb is werklik vol vertrouwe en glo dat die Here hulle die land in besit sal laat neem- Die ander se rapport lees- 33 *Ons het daar ook die reuse gesien. Die Enakiete stam van hulle af. Ons was soos sprinkane in ons eie oë, en so was ons ook in hulle oë.”-*

Num.13:33. Ons het al 'n keer in die gemeente oor die gevaar van duie sprinkaankompleks gepreek.

Die Here verwag dat in krisis-tye jy 'n strategiese denker moet wees. Strategiese denkers werk nie met 'n sentrale plan nie, maar met 'n sentrale idee. So iemand is en bly koelkop, selfs in die grootste krisis- soos Moses wat by die Here smeek en bid om tog nie die volk om te bring nie, want die sentrale idee is tog dat daar vorentoe 'n beloofde land is wat hulle sal kan inneem. As dit net heeltyd om 'n sentrale plan gegaan het dan was hulle al lankal verlore, maar die sentrale idee is baie groter as wat die mens se planne ooit kan wees.

So werk dit in die Koninkryk ook. Soek eers hierdie Koninkryk, die volle idee daarvan, dan sal alles daarby gevoeg word. Ja en 'n koelkop leier- soos wat Moses hier was- die volk wil hom stenig, maar hy gaan na die Here toe. Hy spel KRISIS anders. Die Chinese het in hulle alfabet wat 'n prentjie skrif is twee tekens vir wanneer hulle die woord krisis skrywe. Die eerste teken gaan om gevaar, dit is die een teken- GEVAAR, maar dan sit hulle nog 'n teken by- nl. GELEENTHEID. Krisis is dus gelyk aan GEVAAR + GELEENTHEID. Anton Rupert het dit ook goed opgesom- “Vir elke krisis, vir elke vrees, vir elke probleem is daar die keersy van 'n geleentheid”.

En weet u as ons daarby kom, in daardie onsekerheid, in daardie ingaan van die onbekende toekoms gee God aan ons die geleentheid, soos wat Hy vir Israel gedoen het, om sy teenwoordigheid in hierdie wêreld opnuut te ontdek. Ja dit is soos die ou Latynse spreekwoord wat sê – *Carpe diem*...as dit letterlik vertaal word beteken dit- “pluk die dag”. Daarmee is ek en jy bereid om ons geleenthede te gebruik- al gaan dit hoe sleg daarbuite en al voel dit binne jou ook nie goed nie.

Na die tweede wêreldoorlog toe die tronke en bunkers opgeruim moes word, was daar in van daardie Nazi-kampe deur 'n Joodse krygsgevangene aangrypende woorde teen 'n muur uitgekrap. Hulle het in Auschwitz daarop afgekom en terwyl hierdie Jood in die donker weggegooi was, die Duitsers kon enige oomblik toeslaan, maar in sy krisis, in sy onsekerheid het hy daar teen die muur geskryf- “Ek glo in die son, al skyn dit nie. Ek glo in die liefde, al wys dit nie. Ek glo in God, al hoor ek Hom nie”! Dit is aangrypend want in hierdie een se diepste krisisoomblikke het hy steeds die geleentheid om sy geloof, sy hoop, sy vertroue in God op so 'n manier te verwoord. Hy het op God bly vertrou.

As ons hier aan die einde van die jaar terugkyk, maar ons kyk ook vorentoe, mag dit juis ook nou die tyd wees waarin ons opnuut ons geloof in God se betroubare heerskappy vind. Dit gaan afhang of u bereid is om die pad rondom die berge voor u te vind, of dit selfs te begin uitkap, of gaan u voor die berg sit en dink ek gaan nie beweeg nie, die berg moet beweeg...So een is nie besig met die geleentheid wat God gee nie, terwyl die Here se Woord ons heeltmal anders leer.

Carpe diem- gryp die dag- pluk elke dag, benut die geleentheid soos Paulus ook aan die gemeente in Efese geskrywe het- Ef. 5:16a- *maak die beste gebruik van elke geleentheid*. Hierdie woorde van die Here kom in 'n tyd waarin die gemeente in Efese verdeeld was, Paulus wil hulle aanspoor om weer onderling na eenheid te streef en terwyl in Efese die druk groot was om onchristelik te lewe, die toekoms voel donker en onseker- juis dan sê die Here- *maak die beste gebruik van elke geleentheid*.

Dit hang van jouself af of jy die geleentheid wat God by jou laat verbygaan, reg gaan benut of gaan ons dit maar laat verbygaan?! Luister wat die Here sê – neem dit ter harte- dan sal jy gou insien dat met die regte wysheid, selfs in die moeilikste omstandighede, jy steeds verstandig kan lewe en daar in jou lewe sukses kan wees. Anders as ons dit nie wil doen nie, ons wil vir die berge wag om te beweeg- pasop dan vir die oordeelsdag, waarop sulkes dan vir God sal wil wegkruip met die uitroep- *berge val op ons- heuwels bedek ons-* dan beweeg die berge, maar vir so een is dit dan te laat!

Ons moet werklik saam met Israel besef, daar waar hulle vir Moses en Aaron baie kwaad is- hulle dink nie wat hulle sê nie, nog minder- wat hulle wil doen as hulle hul wil stenig- selfs dan besef ons- die Here laat niks met ons gebeur sonder om nie ook sy betroubaarheid, sy liefde, sy almag ,sy sorg en sy getrouheid ook vir jou te bevestig nie. Die bietjie méér as 460 mans wat op Sondag 16 Desember 1838 duisende en duisende aanvallers moes afweer kon dit alleen doen nie in eie krag nie, maat in God sê, mag, God se sorg, God se getrouheid. Mag dit in hierdie week se Geloftedag weer vir ons uitstaan. Want waaroor dit alles gaan! Daar was 'n kruis op Golgota waar dit uitgespel staan- daar het God sy Seun, die grootste Leier wat daar nog was, deur mense laat doodmaak, dat in sy dood ons die lewe kan hê, ons in sy opstanding werklik die grootste geleentheid en die grootste krag denkbaar ontvang, om ook op te staan. In sy woorde is 'n leier net daardie een wat Hyself gesê het- *die oudste onder*

julle moet word soos die jongste en wie 'n leier is soos die een wat dien. Christus het dit kom wys. Mag Hy vir ons méér word as net 'n goeie voorbeeld, mag ons Christus hierin wil navolg. Ook die oorwinning by Bloedrivier het om meer gegaan as 'n sentrale plan, dit het eintlik 'n sentrale idee bevat. Die sentrale idee vergestalt in die kerk wat gebou sou word; die oorwinning alleen deur God se mag wat geslag vir geslag ingeskerp moet word. Mag ons dit Vrydag ook weer goed besef.

AMEN